# LEKKER SING (B)

## Graad 1

Kulturele vaardighede

8 ure

## Doel

Die doel is om die Penkop en Drawwertjie:

- ’n liefde vir Afrikaanse musiek te kweek;
- die genot van saamsing te ervaar;
- goeie maniere en respek deur middel van sang aan te leer..

## Spesialisasievereistes

Om hierdie kenteken te verwerf, moet die Penkop of Drawwertjie die onderstaande vereistes nakom en volledig afhandel:

1. Drie godsdienstige liedjies aanleer, kan saamsing en die bewegings kan uitvoer wat daarmee saamgaan. Bv. Dit is my lyfie; Ek is nie ’n stapsoldaatjie nie; Daar’s vissies in die water; My God is so groot; Lees jou Bybel, bid elke dag.
2. ’n Musiekinstrument maak en ritmies tydens die sing van die liedjies gebruik.
3. Drie Voortrekkerliedjies met aksies kan saamsing en die bewegings kan uitvoer wat daarmee saamgaan. Bv. Rol die wiele; Wat maak ’n kamp so lekker; Dis net ’n worsie.
4. Drie liedjies aanleer wat in Die Voortrekkers gebruik word omdat dit die korrekte optrede en/of goeie maniere is en Voortrekkerwaardes bevestig. Bv. Vir spys en drank; Ons sê baie, baie dankie; Lekker verjaar ou maat; Mooi so, mooi so dit was nou knap gedaan.
5. Twee Afrikaanse volksliedjies aanleer en kan saamsing. Bv. Aanstap rooies; Ek soek na my Dina; Afrikaners is plesierig; So ry die trein; Môre oompie, môre tannie.
6. Speel een speletjie waar ’n liedjie tydens die speletjie gesing word. Bv. Koljander, koljander so deur die bos.
7. Twee liedjies met ’n les in aanleer en kan sê wat die les van die liedjie is. Bv. Morsjors tel op jou papiere; Daar’s ’n tydjie om te speel; Werk, werk lekker werk.

## Aanbieding

Vereiste 1: Kies liedjies met aksies wat saamgedoen kan word. Demonstreer dit sodat almal weet wat om te doen terwyl hulle sing

Vereiste 2: Heelwat voorbeelde is op die internet beskikbaar van instrumente wat gemaak kan word. Bv. blikkies wat as dromme gebruik word; flesse met boontjies wat geskud word; 'n fluit van verskillende lengtes plastiekstrooitjies; 'n tamboeryn gemaak van draad waaraan koeldrankdoppies of klokkies vasgemaak is.

Vereiste 3: Kies liedjies met aksies wat saamgedoen kan word. Demonstreer dit sodat almal weet wat om te doen terwyl hulle sing.

Vereiste 4: Daar is 'n paar liedjies in Die Voortrekkers wat ons sing om mense geluk te wens, te groet, te verwelkom, te bedank of om te bid. Met hierdie spesialisasie leer die kinders drie van hierdie liedjies aan.

Vereiste 5: Die FAK-sangbundels en die Volkspelehandleiding is goeie bronne van Afrikaanse volksliedjies.

Vereiste 6: Opdrag duidelik.

Vereiste 7: Talle video's met liedjies wat hier gebruik kan word, is op die internet beskikbaar. Opvoedkundige kinderprogramme bevat ook liedjies met lesse.

## Hulpbronne

1. Voortrekkersangbundels
2. Musiekvideo's

E-pos enige voorstelle of kommentaar oor die spesialisasie aan hoofkantoor@voortrekkers.co.za.